Wat verander die besoedelde kleed in rein blink linne?

Teks: Jesaja 64: 1 -12 , Openbaring 19: 1 - 10 & Sondag 3
Teksvers: Jesaja 64:6 & Openbaring 19:8

1. Inleiding

In ons leërdiens vandag val die fokus op goeie werke. En onmiddelik kan ons elkeen persoonlik vir onsself die vraag vra: “Is daar goeie werke aanwesig in my lewe?” Maar voor ons hierdie vraag kan antwoord moet ons seker eers weet wat is goeie werke. Ons moet oor ’n skaal, ’n standaard beskik waaraan ons hierdie dade kan meet. En dan laastens is daar ook die vraag hoekom, hoekom is goeie dade nodig?

Ons beantwoord hierdie vrae vanoggend uit ’n Ou Testamentiese teksgedeelte, ’n Nuwe Testamentiese teksgedeelte en ’n gedeelte uit die Heidelbergse kategismus. En eintlik openbaar hierdie ontvouende tydlyn juis iets spesifiek aan ons. Wat dit verder belangrik maak is juis ook die Gereformeede tradisie waarin ons staan. Ons het groot geword met ’n negatiewe siening van goeie werke. Juis omdat die reformasie die Rooms katolieke kerk moes veroordeel oor hulle siening aangaande goeie dade.

Sedertdien groepeer ons maaklik goeie dade in skeinheiligheid of soos wat dikwels in die verlede gesê is, met jou geloof op die mou loop. Maar die waarheid is dat ons vandag nie net instaat is om goeie dade te doen nie, ons het ’n opdrag om dit te doen. En dan word ons ook nog beloon daarvoor. Die beeld wat ons vandag uit die Woord van die Here gebruik om goeie dade te beskryf, behels die beeld van materiaal, waarvan klere gemaak word. En dit is op ’n manier steeds vandag ’n baie aktuele beeld. Die tweede element wat na vore kom in die beeld, is die huwelik en die mens se rol daarin.

2. ’n Besoelde kleed

Die eerste stuk lap wat aan ons geopenbaar word in ons eerste teksvers Jesaja 64:6 is glad nie aangenaam nie. Dit is vuil en vuil op ’n baie spesifieke manier. Maar eers is dit belangrik om te sien dat dit definitief ons dade is wat hieraan gekoppel word. In die nuwe vertaling word die woorde goeie dade gebruik, in die ou vertaling ons geregtighede. Dit wat ons doen, waarmee ons die Here wil beïndruk, sodat Hy nie anders kan as om ons te red nie is hierdie vuil klere.

Maar dit is dan ook die tweede element van ons beeld wat duidelik aanwesig is in hierdie teksvers uit Jesaja 64:6. Die besoedelde kleed in op ’n spesifieke manier besoedel. Hierdie is ’n ongename saak om oor te praat. Maar in levitikus 15:19 lees ons dat: “[19]“Met ’n normale menstruasie is ’n vrou sewe dae onrein. Enigiemand wat aan haar raak, is die res van die dag onrein”. En wanneer ons dan na die grondteks gaan kyk, dan sien ons die spesifieke aard van die besoedeling van die kleed. Die aard is die gevolg van dit wat in Levitikus 15:19 aan ons beskryf word. Hierdie besoedeling maak dan die kleed onrein en eintlik afskuwelik.

Dit is dan ook die maatstaf waaraan ons goeie dade gemeet word, indien die doel sou wees om redding daardeur te probeer verwerf. ’n Meer praktiese verduideliking is dalk die verduideliking van vuil hande. Dit is nie dat die goeie dade in hulle self sleg is nie, net soos lap nie natuurlik sleg is nie. Maar wanneer die mens wat dood is in die sonde dit aanraak, raak dit vuil en afstootlik. Daarom kan hierdie goeie dade van geregtigheid nooit Verlossing bring nie. Dit sal altyd vuil en afstootlik wees.

3. Rein en blink fyn linne

In ons teksvers lees ons dat God die bruid vergun om fyn, helder blink klere aan te trek. Maar laat ons eers begin om hierdie beeld bietjie te verduidelik. Openbaring word vir ons in ’n beeldende vorm gegee. Hierdie versluierdheid is nodig omdat ons met ons blote aardse verstand nie die hemel sal verstaan nie. Tog word die heilige heerlikheid van die hemel vir ons hier op ’n skrefie oopgemaak. Daarom wanneer openbaring van die bruilof van die Lam praat, dan word verwys na die wederkoms. Daardie tyd en plek in die geskiedenis wanneer die Lam, Jesus Christus sal terug keer en Sy bruid, die kerk sal wegneem om ver ewig by Hom te

wees. Dit is dus alreeds duidelik dat ons as kerk die bruid is.

Maar hierdie troue in die hemel is ook mooi. Dit is mooier en meer luisterryk as wat ons ooit kan dink. En ook die kerk as bruid is geliefd en word goed behandel. Ons almal weet dat 'n mooi uitrusting begin by die gebruik van die regte materiaal. Verskeie klere makers soek hoog en laag na daardie spesiale lap vir die volmaakte skepping. En op 'n manier is die linne vir die trourok van die kerk net so skaars. Want ons lees dat God in genade die vergunning maak dat die kerk as bruid fyn helder blyk klere mag aantrek in vers 8. Maar die materiaal van hierdie klere is die regverdige dade van die gelowiges. Ongelukkig het die regverdige dade in kerk al so skaars kommoditeit geword vandag.

Dit is dan juis op hierdie manier waarop goeie werke in die toekoms deur die Here sal beloon word. Wanneer ons terugkeer na die skaal waarmee ons goeie dade gemeet word, dan sien ons skielik waarde in die goeie dade wat ons doen. Genoeg waarde, dat dit beloon word moet duur trourok materiaal.

4. Die Middelaar

Tog het ons nog nie die vraag geantwoord wat verander dan slegte besoedelde klere in die mooiste trourok nie. Wanneer ons na Sondag 3 van ons kategismus kyk dan sien ons dat die slegte dade van die mens voortkom uit sy verdorwe natuur. Maar dat hierdie verdorwe natuur nie deur God geskep is nie. Dit is die mens se eie keuse vir die sonde wat hom/haar in hierdie situasie laat.

Tog is die anderkant nie eenvoudig dat die mens kies vir God nie. Want daardie goeie daad is in die verlorenheid van die mens net nie moontlik nie. Nee, dit is eerder God wat die mens kies. Dan stuur Hy in liefde Sy enigebore seun om in die plek van ons sondes te kom sterf. Om ons te verlos uit die greep van die bose. Om as ware die vuil besoedelde kleed te kom uitrek en ons saam te neem na die bruilof.

Omdat ons nou nie meer geklee is in die besoedelde kleed nie kan ons ons ook goeie werke doen. Ons hande is nou nie meer vuil nie, en daarom is ons in staat om wel van somtyds dinge te doen wat aangenaam vir die Here is. Iets wat nie moontlik was toe ons nog vasgevang in die sonde was nie.

Wanneer ons terugkeer na die skaal waarmee ons goeie dade meet, is dit steeds dieselfde skaal. Dit is steeds die wet van die Here. Maar as wedergebore gelowiges in ons Here Jesus Christus is ons nou in staat om hierdie gebooie in dankbaarheid te kan onderhou. Dit is net ons Here Jesus Christus alleen wat die besoedelde kleed kan verander in 'n trourok gereed vir hemelse heerlikheid.

5. Slot

Ons kan vandag se leerpreek afsluit met die gedagte dat goeie werke tot eer en verheerliking van die Here nie net moontlik is nie, dit is 'n noodsaaklikheid. Die rede hiervoor het ons gesien in die feit dat goeie werke ten nouste aan die Verlossing in ons Here Jesus Christus gekoppel is. Wanneer ons dus goeie werke nalaat, is ons besig om ook die rol van ons Verlossing in ons lewens te verklein.

Ons kan en moet vandag as wedergebore gelowiges oorvloedig wees in die doen van goeie dade. Want dit is natuurlik die manier waarop ons ook dankbaarheid vir ons verlossing openbaar. Maar uiteindelik is daardie goeie dade 'n aangename geur wat opstyg voor die aangesig van die Here. Maar nie net dit nie, daardie aangename geur is ook 'n vars briese in 'n ongenaakbare wêreld om ons.

En dit is dikwels wanneer die wêreld ook hierdie goeie dade raaksien, dat die regte vrae gevra word. Vrae wat geleenthede bied om ook die evangelie te kan deel met 'n wêreld wat dit werklik nodig het. Want uiteindelik luister die wêreld maar moeilik na iemand met vuil besoedelde klere, maar tog eerder na iemand uitgevat in mooi rein blink klere. Kom ons dra hierdie komende week ook die heerlikheid van die Here in ons samelewing in.

Amen